# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 28** **16 Augustus 2026**


## Kom en Help Ons

Die ouderlinge en diakens het die afgelope week vergader nadat ‘n kortlys van 5 name saamgestel is vir die beroeping van ‘n nuwe predikant. Om te beroep, is dus niks anders nie as ‘n noodkreet, ‘n vra vir hulp. Ons vind hierdie beskrywing in Handelinge 16 waar Paulus op die tweede sendingreis is, en graag die evangelie verder wil uitdra na Asië. Die Heilige Gees verhinder egter die geselskap se planne, totdat hulle in Troas kom. Daar sien Paulus in ‘n droom ‘n Macedoniese man wat roep om hulp.

“*En Paulus het ‘n gesig in die nag gesien—daar staan ‘n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons*!” Handelinge 16:9

Die beroep, of roeping van ‘n bedienaar van die Woord is ‘n vra vir hulp met geestelike leiding. Paulus moes daar in Europa die Woord gaan verkondig. Hy moes die evangelie van genade uitdra. Dan sou ons tot ‘n sekere mate hierdie woorde kon verander na: “*Kom oor na Centurion en help ons*.” Dit moet ons biddend vra. Ons moet vra dat die Heilige Gees ons sal lei en so ook die beroep sal lei, sodat wie die Heilige Gees roep, sal kom. Dan is dit nie die gemeente wat roep nie, maar God wat self roep en stuur.

Binne die volgende klompie weke gaan ons twee predikante nooi om by ons in die gemeente te kom preek, sodat die gemeente ook met die predikante kan kennis maak. Daarna gaan ons ‘n gemeentevergadering reël om te beroep.

Mag ons dan saam biddend in vertroue tot God nader, sodat Hy self ons sal lei in die roeping, nie net van die bedienaar van die word nie, maar in ons hele lewe.

Namens die beroepingskommissie

Lourens (VDM)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 16, Ps 116-1:1,10 **Volgende week**: Les 17, Ps 116-1:1,10

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 16-Aug | A18 | Andre Pretorius | Thys Reynecke | Dirk Kotze | Hannie vd Bergh | Eric Guldemond | Charl vd Bergh |
| 23-Aug | B01 | Philip de Kock | Pieter Wolmarans | Ernest Bornman Jnr | Gert Reinecke | Carina vd Dussen | Hein Kaiser |

## KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Expando** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Teol Studente hulpfonds** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16 Aug. | Schalk | Bessinger | B09 | 0661821470 |
| | Esther | Ferreira | C12 | 0724476716 |
| | Antoinette | Jv Vuuren | C13 | 0825691882 |
| 17 Aug. | Wessel | Brits | B15 | 0724478230 |
| | Ment | Deist | B15 | 0724136860 |
| | Ronelle | Hall Visser | B16 | 0823706408 |
| | Hein | Kaiser | C06 | 0827727718 |
| | Cassie | vd Walt | B11 | 0823722434 |
| | Wian | v Niekerk | A09 | 0659565601 |
| 18 Aug. | Bets | Kotzé | C05 | 0723458304 |
| | Piet | Malan | C14 | 0824473911 |
| | Sonja | vd Dussen | B17 | 0824137309 |
| 19 Aug. | Carina | Koch | C08 | 0724428655 |
| | Wynand | Loots | A08 | 0844717525 |
| | Magda | Pelser | A05 | 0827808746 |
| | Gerrie | Viljoen | B15 | 0823784972 |
| 20 Aug. | Marlize | Bond | B04 | 0832599446 |
| 21 Aug. | Quinton | Pretorius | A12 | 0820605444 |
| | Hanneke | Swanepoel | A18 | 0824908184 |
| 22 Aug. | Gustav | Hoffmann | A02 | 0832004067 |
| | Pieter | Pretorius | C08 | 0716002708 |
| | Anna | Venter | B07 | 0827733902 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17 Aug. | Leá-Mari | van Niekerk | C06 | 0722330949 |
| 18 Aug. | Anzelle | Potgieter | A02 | 0745849413 |
| 19 Aug. | Elizmari | van Rooy | C09 | 0828264850 |
| 20 Aug. | Anneme | Venter | A04 | 0714855995 |
| | Wilmie | Venter | A04 | 0714855995 |
| 21 Aug. | Leah | Erasmus | B09 | 0833566579 |
| 22 Aug. | Liam | du Plessis | B18 | 0790726303 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Fanie Landsberg sterk tuis aan na 'n operasie (C6 – 0828282144).
- Keanu Breedt sterk aan in Unitas hospitaal (A14 – 0826042956).
- Mariette du Toit sterk tuis aan na 'n galblaasoperasie (C1 – 0845801905).
- Lydia van Rooyen se gesondheid is nie na wense (B10 – 0828569450).
- Rita Boshoff sterk aan in Unitas hospitaal (A6).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Volwasse toerusting

Enige persoon wat by die gemeente wil aansluit en die volwasse toerusting wil voltooi kontak asb:

ds. Lourens 0825292330/

kerkkantoor 0126442614

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

aletheaministry/

Rev Lourens Venter

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy ‘n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

## B Y B E L S K O O L

**4 Aug – 8 Sept 2026**

**U WORD HARTLIK UITGENOOI**

**Sessie 3 :** Ds Cassie Aucamp

**Tema 3**: *Jesus en Gebed*

**Datum**: Dinsdag 18 Augustus 2026

**Tyd en plek:** 19:00-20:30,
GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met jou *naam* en “*Bybelskool*” as verwysing of kom net en betaal by die deur!

Kontak persoon:
Christi Venter: 082 940 1555




## Boktown in Centurion!

**GESELLIGE GEMEENTE RUGBY KUIER** ZA VS NZ

Kom geniet ’n heerlike middag saam met die hele gesin wanneer die Springbokke en *All Blacks* mekaar op die skerm die stryd aansê!

Wanneer: Saterdag, 22 Augustus 2026

Tyd: Vanaf 15:00 (wedstryd skop om 17:00 af)

Waar: Gereformeerde Kerk Centurion, Kerksaal

Vir wie: Die hele gesin! Al ons gemeentelede, familie, vriende en bure is almal baie welkom.

Lekker kos & drinkgoed: Boereworsrolle, sosaties, sowel as koue Craft-bier en Gin sal te koop wees.

Gesellige kuierhoek: Nie ’n rugby-aanhanger nie? Geen probleem! Kom ontspan en kuier lekker saam met die ander ma's en vriende.

Kindervermaak: Vermaak om die kleinspan besig en gelukkig te hou.

Fondsinsameling: Die opbrengs van die dag gaan ten bate van ons Gemeentekamp (4–6 September).

**RSVP** / Name opgee: Vir aankoop- en spysenieringsbeplanning, gee asseblief julle name en getalle vooraf op by julle wyksdiaken of stuur 'n WhatsApp na 073 943 4647.

Kom kuier heerlik saam met mede-gelowiges en geniet goeie rugby, lekker kos en wonderlike geselskap. Sien julle daar!

## Plastiekdoppies

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**16 Aug.**


Madelein v Zyl C9

Christi Venter C10

**23 Aug.**

Santie Coetzer C11

Sonja Styger C12




GEREFORMEERDE KERK CENTURION
Basaar!
Saam bou ons aan God se werk
SATERDAG
17 OKTOBER
2026
08:00 – 14:00
Moenie dit misloop nie!
KERKTERREIN
CENTURION
Iets vir die
HELE
GESIN!
PANNEKOEK
BREAKFAST
BUNS
KERRIE-
EN-RYS
KOEK- EN
TERTTAFEL
Groot koeke
en terte te koop!
BASAAR-
POEDING
Vla en jellie
met liefde gemaak!
KOFFIE &
TEE
Kom kuier en
ontspan saam!
KOELDRANK
Yskoud en
verfrissend!
UITSTALLERS
Handgemaakte
artikels
KOFFIETUIN
Ontspan en
kuier saam
LEWENDIGE
MUSIEK
Vir oud en jonk
SPELETJIES
VIR KINDERS
Kleintjies
en tieners
WIT OLIFANTMARK
Kom soek 'n
skat!
CRAFT BIER
& GIN
Geniet verantwoordelik
Kom
kuier,
koop en
ondersteun!
GOEIE KOS
LEKKER KUIER
VRIENDLIKE MENSE
GROOT HART

# Na vele versoeke, gaan ons basaar hou!

Wanneer: 17 Oktober 2026

Tyd: 08:00 tot 14:00

Hierdie is die laaste basaar wat Ds Maarten die Wit-Olifant gaan behartig. Julle weet mos: Oom Ollie gaan emeriteer, so kom ons gee vir hom ‘n kans om weer te glinster…..

Ons benodig helpende hande met die volgende:

1. Pannekoek – bakkers, strooiers, rollers en verkopers. Ons verskaf die stofies, deeg, suiker, kaneel, panne, soplepels en spane.
2. Kerrie-en-rys – opdieners en verkopers.
3. Poeding – opdieners.
4. Koeldrank – aankopers en verkopers.
5. Koektafel – organiseerders en verkopers.
6. Speletjies vir die jongspan en jonger doppers – organiseerders, kaartjie-verkopers en toesighouers.

**Uitstallers** – Ons gaan al die uitstallers in die saal en moontlik op die stoep van die saal akkommodeer. Kom stal jou produkte uit, soos: Handgemaakte artikels; Kunswerke; Beskuit, Klein koekies (nie groot koeke of koekskywe nie), confute, chutney, ens; Koste van ‘n stalletjie: R80.

**Wit-Olifant**: Kontak ds Maarten en bring alles wat jy van ontslae wil raak. *Onthou net*: Geen mensehandel word toegelaat nie, so nee jammer, jou man, vrou of kinders kan nie op die wit-olifanttafel beland nie.

<u>Ons vra donasies vir die volgende produkte</u>:

**Pannekoek**: Koekmeel; eiers; suiker; kaneel; sout; bakpoeier; Olie – reeds geskenk van ons gemeente se oliemagnaat. *Dankie Broeder*!

**Poeding**: Jellie – bring maar net die pakkies. Ons sal self die jellie aanmaak en laat set; vla; leë roomysbakke.

**Koektafel**: Gebakte koeke en terte (Dit kan reeds Vrydag, 16 Oktober, in die kombuis afgegee word.

**Kerrie-en-rys**: Rou *topside* maalvleis; wit rys, *chutney*; klapper.

Jy kan jou donasies vanaf Sondag, 22 Augustus 2026, kerk toe bring en agter in die saal op die tafel plaas.

Kontak Tjaart vd Walt so gou moontlik om jou hulp aan te bied, by 082 824 2933.

By voorbaat baie dankie vir jou bydrae en meelewing.


Basaar-
WEGNEEMETES
LEKKER KOS • MAKLIK • ONDERSTEUN ONS BASAAR!
24/8
PASTA met BOLOGNAISE
R50
25/8
GEMARINEER EN OONDGEBAKTE HOENDER (KWART)
peri-peri / suurlemoen en krui
MET CHIPS
R65
26/8
BOBOTIE MET GEELRYS
R65
27/8
RIBS 300 g MET CHIPS
R85
BESKIKBAAR VANAF 17:00
Kontak Sonja by 082 700 7524
GEREF KERK LYTTELTON
H/V STASIE EN MONUMENT
Dankie dat jy ons basaar ondersteun!


KEN MEKAAR &
KUIERAAND
Welkom aan al die nuwe intrekkers
Kom kuier saam en bou vriende in geloof!
WAAR:
Gerformeerde Kerk, Centurion
WANNEER:
26 Augustus 2026
TYD:
19:00 TOT 21:00
RSVP:
Corné Smuts
082 889 9691
Kom gesels, lag en leer mekaar ken.
Ons sien uit daarna om saam met jou te kuier!


ELAND • BLESBOK • ROOIBOK • BLOUWILDEBEES • KOEDOE
JAG VIR JOU KERK
WILD EN VLEIS • GEE TERUG • BOU DIE TOEKOMS
VIR ONS KERK • VIR ONS MENSE • VIR SY KONINKRYK
DEUR JAGTERS
VIR ONS KERK
VIR SY KONINKRYK
Saam jag ons, saam groei ons, saam bou ons kerk.


GEESTELIKE
opbou
'n Gesonde lewe
voor die Here
Kom luister na 'n belangrike en aktuele gesprek oor
wat dit beteken om gesond en Bybels voor die Here te leef.
SONDAG AAND
23
AUGUSTUS
2026
SPREKER:
PROF. HENK STOKER
ONS BESPREEK ONDER MEER:
Wat is "gelowig bid"?
Wanneer is gebed kragtig?
Kan gelowiges siek wees?
Is God se openbaring beperk tot die Bybel?
Kan ek profesieë vertrou?
Wat van vreemde tale?
Kan ek lewe & dood spreek?
'n Aand van Bybelse onderrig, gesprek en geestelike opbou.
Kom luister. Kom dink. Kom leer.
Kom ondersoek saam wat die Woord van God ons leer.
BY DIE KERK
Almal hartlik welkom!




## *Voorspel inligting*

<u>Psalm 133 Oggenddiens</u>

Psalm 133 is 'n kort "*Pelgrimslied*" van drie verse wat deur koning Dawid geskryf is. Dit besing die diep skoonheid, heiligheid en lewegewende krag van harmonie en gemeenskap onder God se volk, deur gebruik te maak van treffende metafore soos heilige salfolie en verkwikkende bergdou.

<u>Psalm 33 Aanddiens</u>

Psalm 33 is 'n anonieme lofpsalm met 22 verse – wat ooreenstem met die aantal letters in die Hebreeuse alfabet. Dit besing God as die magtige Skepper van die heelal en die soewereine Heerser oor alle nasies, en leer gelowiges om op God te vertrou eerder as op menslike of militêre krag.




# *Gemeente Kuierkamp*

## 4-6 September 2026

### Wagondrift, Cullinan

# *Inskrywingsvorm*

Ek/Ons stel belang om die kamp by te woon:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

Kampstaanplek @ R1 200 per tent, woonwa of boswa, vir die naweek, etes ingesluit

*Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom en Aan Hom*

Ek wil graag die kamp bywoon maar het finansiële hulp nodig asb:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

***Voltooi en gooi in die kollektesakkie of gee dit in by die kamptafel onder die Olyfboom of stuur 'n foto daarvan vir Rudy 082 468 6035 / gkckamp@gmail.com***



# Liturgiese Riglyne

## **S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Jou Hart is waar jou Skat is...

**Skriflesing**:
Matteus 26:1-16
Kronieke 29:1-22
(2020)

**Teksvers**:
Matteus 26:8

**Sing**:
Ps 45:1,6,7,11,12
Sb 12-3:1,2
Ps 119:19,25,52
Ps 17:2,3
Ps 122:1,2
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Ons dink verder na oor die betekenis om TOT God te leef. Dit is ten eerste om te verstaan wat is die doel van ons lewe, om God te eer, om tot lof van sy heerlikheid te leef, maar daarmee saam ook waarin ons vreugde vind, in God self.

Dit word duidelik en sigbaar in die openbaring van ons hart. Hier in Matteus 16, by die bekende gedeelte van Maria wat Jesus salf, vind ons twee teenpole van die mens se hart en ons staan vervolgens stil by:

1. Die hart van Jesus.
2. Die hart van Maria.
3. Die hart van Judas.

## **S O N D A G A A N D 18:00**

## Rus vir die skuldige gewete

**Skriflesing**:
Romeine 3
(1983)

**Teksvers**:
Romeine 3:21-24

**HK:** Sondag 23

**Sing**:
Lied 190:1,2,3
Ps 43:3,4
Sb 10-2
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Jou gewete is 'n gawe van die Here. Elke mens het een. Die gelowige se gewete kla jou by jouself en by God aan, sodat ons weens 'n goeie gesonde sondebesef tot bekering kan kom.

Die vraag is egter nou hoe kry ek my gewete weer stil, want ek kan nie maar net vir myself lieg nie. Jy hoef ook nie, want die waarheid sal jou vry maak.

Die waarheid van die evangelie van Christus is ons redding, sodat ons gewete ons nie gyselaar kan hou nie.